BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# SALOMO SE MOOISTE LIED

# Deel 6 – Tot die Dood Ons Skei

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie. Ons gee vir jou meer vrae as wat julle dalk kan hanteer, maar die groepleier kan leiding gee oor watter vrae julle gaan hanteer.

- **Wat het vir jou uitgestaan van die reeks?**
- **Watter gedagte het dinge in jou eie hart losgemaak waaroor jy nog dink of wat jy voel jy wil verander? Verduidelik.**
- **Watter uitwerking dink jy het die gevoel van waardeloosheid in mense se lewens?**
- **Watter tye voel jy oorweldig deur wat in jou lewe aangaan?**

---

---

---

**Lees deur die volgende verse en beantwoord die volgende vrae:**

**Hooglied 8:1-7**

- **In vers 5 is dit duidelik dat hierdie vrou getransformeer is as gevolg van haar verhouding met Salomo. Wie is die mense wat jy toelaat om in te spreek in jou lewe?**
- **Lees Spreuke 27:17. Hoe kan julle as groep mekaar "slyp" en versorg om meer in lyn met God se wil te leef?**
- **Lees Romeine 12:5. Wat dink jy beteken dit as die vers sê dat ons aan mekaar behoort? Hoekom dink jy is gemeenskap van gelowiges belangrik vir geestelike groei?**
- **Dink jy die Christelike geloof is moontlik sonder ander Christene? Hoe groot prioriteit is dit in jou en jou gesin se lewe? Verduidelik.**

**1 Petrus 5:7; Matteus 11:28-29; Filippense 4:6-7**

- **Hoekom dink jy nooi die Here ons uit om ons bekommernisse aan Hom te gee?**
- **Wat is die dinge waaroor jy tans bekommerd is? Hoe kan julle as groep daaroor saambid?**

**1 Korintiërs 13:4-8**

- **Hoe dink jy definieer die wêreld liefde? Hoe verskil dit van wat God sê?**
- **Watter van hierdie uitdrukkings van liefde in 1 Korintiërs 13 staan vir jou uit?**
- **Met watter van hierdie uitdrukkings sukkel jy die meeste? Verduidelik. Hoe kan jy toelaat dat die Heilige Gees jou daarmee help?**
- **Hoekom dink jy hou hierdie tipe liefde, eerder as die wêreld se tipe liefde?**

**Genesis 1:27; Psalm 139:14; 1 Petrus 1:18-19**

- **Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons die waarde van alle mense besef?**
- **Watter tye sukkel jy om te glo dat jy het waarde en jy is goed genoeg?**

**Openbaring 3:20**

- **By watter gedeelte van jou lewe dink jy staan Jesus en klop om in te gaan na aanleiding van hierdie reeks? Verduidelik.**
- **Hoekom dink jy keer seer in ons lewe soms dat ons wil oorgee?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**